

ONTHOUPAADJIE

Rentia Landman (née Reid)

5 Junie 2020



Rentia Reid 1951

Op die rand van die eskarp van die Drakensberge in Oos-Transvaal (tans bekend as Mpumalanga) lê Wakkerstroom waar ek gebore is. Dit is 'n plek waar menige kind op 'n winteroggend met 'n ongewaste gesig skool toe gegaan omdat die waterpype toegevries was. Vieruur op somermiddae het die ma's hul kinders nader geroep om 'n trui aan te trek want somer of te nie, dan rol die koue vanaf die berge die dorp binne. Ry mens met die Jantjieshoek-pas af na Piet Retief, is jy spoedig in die Laeveld.

My pa was 'n onderwyser op die dorp en soos talle onderwysers van dié tyd het hulle hul karige salaris met 'n kleinboerdery op 'n plot aangevul. Ons plot was besonders want die Utakarivier het daar verby gevloei en daar was ook 'n watersloot wat die dorp se water vanaf die dorpsdam na die reservoir gelei het. 'n Hele paar pierings en koppietjies van my speelgoed-teestelletjie het met die kabbelende stroompie weggedryf voordat ek dit kon opraap.

Die lewe op die plot was lekker maar die skool nog lekkerder! Die skoolterrein het uit verskillende dele bestaan. Die voortuin met die rondgesnoeide boompies en 'n paadjie wat reguit vanaf die voorhekkie na die hoofingang van die skool geloop het, was vir die kinders verbode terrein. Kinders moes deur die draaihekkie aan die sykant van die skool ingaan. Dit is ook waar die fyn grasperkgras gegroei het, die meisies vyfklip gespeel het. Met hierdie spel het ons hand-oogkoördinasie ontwikkel en was dit nie vir ons ouers nodig om ons na terapeute te neem om dié probleem reg te stel nie. So ook is ons ruimtelike oriëntering bevorder met die fyn tydsberekening en ratse spronge wat dit geverg het om betyds deur die opening van 'n springtou wat ritmies deur twee meisies geswaai word, te kom.

In die binnehof was 'n visdam wat bokant die grond gebou is met klippe daarom heen waarteen ons uitgeklouter het om na die goudvissies te kyk. Daar was nie veiligheidstralies want daar is aanvaar dat 'n kind wat skoolgaan verstandig genoeg sou wees om nie daar te wil inval nie.

Die groot oop stuk grond vanaf die klaskamers na die kleinhuissies se grondoppervlakte was hard en gelyk sodat ons daarop hopscotchblokke kon teken. Elke keer as jy klaar gespeel het, het jy jou gekleurde stukkie glas gebêre want dit was nie maklik vervangbaar nie. Sondagoggende wanneer ons vir Sondagskool gewag het, het ons in die gruis om die kerk vir stukgies gekleurde glas gesoek. Jare gelede het 'n groot haelstorm die kerk se gekleurde glasvensters stukkend geslaan en hier en daar was daar steeds stukgies glas te vind. In die opgewondenheid het ons vergeet dat die kerkdiens aan die gang was en moes een van die ouderlinge ons kom stilmaak. Dit was by die kerk waar daar 'n paar bloekombome gestaan het wat 'n sekere tyd van die jaar manna afgegooi het. Nie alles wat op die grond lê en wat wit is, was manna nie maar met 'n *Ag sies* en 'n gespoeg het jy gou verder na die lekker soet manna gesoek.

Tussen die meisies en seuns se speelgronde was die perdekamp. Van die kinders op die plotte het te perd skool toe gekom. In die perdekamp het 'n fontein ontspring waarvan die water deur die meisies se skoolgrond geloop het, al tussen die biesies deur tot by die sipresbome waar mos in die skaduwee gegroei het. Met 'n blikdekseltjie wat van 'n oopgesnyde blikkie af kom, het ons lagies mos afgesny en mostuine gemaak, versier met klippies, stukgies bas en takkies.

In die somer het dit tussen die biesies van die paddavissies gewemel en het ons daarvan gevang om by die huis te probeer grootmaak. Dit was nie baie suksesvol nie, as ek reg onthou. Terug in die klas het ons soms so gestink dat die onderwyser ons moes uitgejaag om eers die modder onder die kraan te gaan afwas. Die seuns het ons meerderwaardig aangekyk want daar was nie modder op hul gedeelte van die skoolgrond nie. Die wasplek was 'n groot koperkraan met 'n klip daarnaas waarop mens kon staan as jy met die lopende kraan water uit jou hand uit water drink.

Die eerste pouse van die dag was kleinspeeltyd wat jou net genoeg tyd gegee het om die toebroodjies wat jou ma gemaak het, te eet. Dit was eenvoudige marmite-, grondboontjebotter- of konfyttoebroodjies. Die Onderwysdepartement het 'n skoolvoedingskema gehad. In die somer het die kinders melk gekry en in die winter sop. Die ergste armoede en hongersnood van die depressie was reeds verby en die melk en sop het nie groot aftrek gekry nie. Tog kan ek onthou dat daar seuns was wat in die winter nie langbroeke gehad het nie en hoe hulle soggens by die lang regop koolstofie in die klaskamer hulle bene wat blou van koue was warm gemaak het.

Langspeeltyd was lekker want dan was daar altyd 'n leier of twee wat 'n speletjie georganiseer het en gou-gou is spanne gekies om korfbal of *Rounders* te speel. Ek het die meeste van *Rounders* gehou want vir korfbal het ek geen aanleg gehad nie.

In die winter was die lang kikoejoegras teen 'n skuinste seepglad en met 'n oopgetrapte kartonboks onder jou sitvlak kon jy blitsig daar afgly. As jy dan nog gewonder het wat om te doen, kon jy en jou maats met die geroeste korfbalpaal wat in die winter oor die droë watersloot gelê het jouself balanseer en oorstap. Ek verneem dat dit vandag 'n oefening is wat vir kinders met disleksie gegee word.

Boelies? Ek wonder of daar boelies was. Wat ek wel onthou, is dat my pa sommige middae vir my gesê het ek moet solank vir hom voor die skool in die Fordlorrie waarmee ons skool toe gery het, wag. Dan het ek geweet dat twee van die groter seuns (ons skool het tot by Standerd 8 gegaan) 'n kwessie het wat hulle met die vuiste wil uitsorteer. Die prosedure was dat die seuns wat met mekaar 'n probleem gehad het, dit by een van die onderwysers aanmeld. Na skool het hulle en die ander groot seuns in die skoolsaal bymekaargekom waar bokshandskoene aan die twee wat wou baklei, uitgereik is. 'n Onderwyser het as skeidsregter opgetree en die ondersteuners van die twee vegtendes het luid hulle steun aan hul gunsteling te kenne gegee. Wanneer ons huis toe gery het, het ek nie vir my pa gevra wie baklei of wie gewen het nie. Ek het sommer aangevoel dat dit manninge was.

'n Nadeel van so 'n klein plattelandse dorpie was die gebrek aan leesstof. Die *Jongspan* en *Patrys* het met die pos gekom en ook die koerant, die *Transvaler* wat beteken dat dit altyd 'n dag laat was. Af en toe het die provinsiale boekewerker na ons dorp gekom om die boeke in ons dorpbiblioteek om te ruil. Dit het groot opwinding onder die kinders wat graag geles het, veroorsaak. Die dorpbiblioteek was 'n klein kantoortjie aan die munisipale gebou wat Vrydagoggende en Dinsdagmiddae oop was. Kinders kon net twee boeke op 'n keer uitneem en dan het jy probeer om gou een boek klaar te lees en 'n ander een uit te neem voordat die Tannie die biblioteek sluit.

Dit was 'n goeie kinderlewe met heerlike herinneringe en daarby het ons ouers en ons onderwysers vir die grootste geskenk moontlik gegee, naamlik om net gewoon kind te mag wees!

oooooooo

Naskrif: Met opkoms van kapitalisme aan die einde van die Middeleeue is kinders in die ekonomiese oorlewingstryd van die volwassewêreld ingetrek en as klein volwassenes beskou. Vanaf sewe jaar oud het die arm mense se kinders in myne en fabriekse gewerk en is die hoërlui se seuns kosskool toe gestuur. Op skilderye sien mens dat kindertjies soos volwassenes aangetrek is en hulle daarvolgens moes gedra.



Kyk ons vandag om ons rond, sien ons dat kinders in 'n land soos Suid-Afrika weereens in die volwasse wêreld van die ouers, waar prestasie die hoogste norm is, ingetrek word. Kinders word deur ouers en onderwysers onder druk geplaas om te presteer asof hulle reeds die volwasse wêreld betree het. Terug in die Middeleeue?